

24.9 RAPPORT 5: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – BEPLANDE NAVORSINGSLEERSTOEL VAN FAKULTEIT TEOLOGIE OOR EKUMENE: PENTEKOSTALISME EN NEO-PENTEKOSTALISME (Artt 43, 92, 198, 199)

- A. Die voorsitterskap word deur die voorsitter, dr DG Breed, aan die ondervoorsitter ds SD Snyman oorgegee.
- B. Die vergadering gaan in camera.
- C. Dr DG Breed lewer die Rapport.
- D. **Ordevoorstel:** Dat die hele saak na 'n Vertrouenskommisie verwys word om die vergadering te adviseer oor die gebalanseerdheid van die rapport en verdere inligting aan te hoor en te verreken.
- E. **Besluit:** Ordevoorstel goedgekeur.
- F. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, hou die volgende Kommissie voor: Di W Vogel (s), MA Modise, HPM van Rhyn en oudl JJ Howell.
- G. **Besluit:** Goedgekeur.
- H. Aanbeveling: Dat die nuutgeformuleerde voorstel die oorspronklike 24.10 vervang.
- I. **Besluit:** Goedgekeur.
- J. Ds W Vogel rapporteer namens die Vertrouenskommisie.

K. RAPPORT

Die Kuratore bring hiermee onder die aandag van die Sinode dat daar tans kragtens Artikel 2.3 van die Ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA gesprekke aan die gang is tussen die Kuratore en die Fakulteit Teologie oor die Fakulteit se beplanning vir die daarstel van 'n Navorsingsleerstoel in "Ekumene: Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme", gesetel binne die Navorsingsubprogram "Ekumeniese perspektiewe op die ontwikkeling van die samelewing", binne die Navorsingseenheid vir Reformatoriese Teologie en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die Kuratore en Fakulteit Teologie het saam vier regs kundiges benoem om advies te gee oor haalbaarheid van dié navorsingsleerstoelinisiatief, gegewe die Ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA.

Nadat die advies (waarskynlik teen middel-Februarie) verkry is, sal die Kuratore en die NWU weer vergader en op grond van die advies 'n besluit neem.

Aanbevelings

1. Die Sinode neem kennis van die Rapport sowel as die Kuratore en die NWU ná middel Februarie 2015 hulle besluite oor die aangeleentheid sal neem.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

2. Die Kuratore versoek die Moderamen van die Algemene Sinode 2015 om 'n Vertrouenskommisie aan te wys. Die Kuratore Dagbestuur (2012-2014) sal verdere toeligting aan die Kommissie verskaf.

Besluit: Goedgekeur.

L. RAPPORT VERTROUENSKOMMISSIE

1. Opdrag

Die nuwe Rapport, soos deur die Sinode goedgekeur is, is na die Kommissie verwys.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Rapport is deur die Kommissie behandel.

2.2 Die regsmening oor die saak is nog uitstaande en word eers in Februarie 2015 ver wag. Die saak is dus nog nie finaal afgehandel nie en daar kan nog nie finaal daaroor besluit word nie.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode spreek opnuut sy waardering vir die Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU uit en beskou dit as 'n kosbare kleinood wat intakt moet bly.

3.2 Die Sinode die betrokkenes (die 4 regs kundiges, die Kuratore en die NWU) wysheid en die leiding van die Heilige Gees toebid in die afhandeling van hierdie saak.

Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).